Arbeidsnuus vir Besigheidseienaars

Junie 2017

OPNEEM VAN GESPREKKE

Vraag: Mag een-tot-een-gesprekke sonder toestemming opgeneem word?

Antwoord: Ja, maar slegs as die persoon wat die gesprek opneem, aan die gesprek deelneem.

Kort verduideliking: Die onderskepping van kommunikasie (wat opnames insluit) word deur die *Wet op die Regulasie van die Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasieverwante Inligting* van 2002 (RICA) gereguleer. RICA is baie tegnies en dek 'n wye verskeidenheid direkte en indirekte kommunikasies. Vir die doeleindes van die beantwoording van ons vraag, fokus ons slegs op die opname van gesprekke. RICA begin met die veronderstelling dat kommunikasies nie sonder toestemming opgeneem mag word nie. Geen toestemming is egter nodig nie indien die persoon, wat die gesprek opneem, ook aan die gesprek deelneem en nie 'n wetstoepassingsbeampte is nie.

In effek laat RICA onbeperkte monitering, onderskepping en opname van gesprekke deur deelnemers aan gesprekke toe. Tot op hede was daar geen uitsprake waarin dit op grond die skending van iemand se grondwetlike reg op privaatheid, uitgedaag is nie. In *S v. Kidson*, 'n strafsaak in 1999 met betrekking tot die wet wat RICA voorafgegaan het, het die polisie 'n stemgaktiveerde bandopnemer aan 'n medepligtige aan 'n moord gegee, om in sy sak weg te steek. Die medepligtige met die verborge opnemer het Kidson daarna by haar huis besoek en 'n gesprek waarin die besonderhede van die beplanning en uitvoering van haar man se moord bespreek is, opgeneem. Kidson se regsverteenwoordigers het betoog dat die opname nie as bewysstuk toegelaat moet word nie, aangesien dit die bepalings van RICA se voorgangerwet skend en Kidson se grondwetlik-gewaarborgde reg op privaatheid skend. Regter Cameron het beslis dat die doel van die Wet was om kommunikasies teen afluisteraars te beskerm en nie teen deelnemers nie. Dit blyk dat die wetgewer dieselfde met RICA beoog het.

Dieselfde beginsels sal, terloops, ook in die geval van deelnemers aan gesprekke via telefoon of ander elektroniese toestelle geld.

Artikel verskaf deur Lourens Roodt van Labourwise

www.labourwise.co.za is 'n aanlyn-diens ten opsigte van arbeidsverhoudinge, wat daarop gemik is om werkgewers met die implementering van doeltreffende arbeidsverhoudinge te help. Kontak hulle via die webtuiste, of by info@labourwise.co.za.